



Artikel 7

DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: *'...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is'* (1 Joh. 4: 1), en: *'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...'* (2 Joh. :10).

Bykans elke sekte en vals godsdiens is gebaseer op die veronderstelling dat die Bybel nie voldoende van 'n openbaring is om alle kennis aan die mens oor te

dra nie. Elke sekte en vals godsdiens het 'n formule: Die Bybel plus. Wat presies die inhoud van daardie plus is, gaan verskil van groep tot groep. Daar is natuurlik ook diegene wat 'n meer komplekse formule het, iets soos die Bybel minus en plus. Vir hierdie mense is daar dele van die Bybel wat verwyder moet word, soos dit byvoorbeeld in die geval van die *'Jesus Seminar'* is.

Artikel 7 van die NGB is die laaste van die artikels wat handel oor *sola Scriptura*. Die belang van die Bybel en die betekenis van die Bybel in die geloofsgemeenskap word uitvoerig behandel. Die inspirasie van die Bybel word baie duidelik aangedui as 'n saak van God. Ons kan met ander woorde praat van Gods Woord in mensetaal, maar dit bly Goddelik in oorsprong en inhoud. Kom ons bekyk artikel 7 van nader met die fokus telkens op sinsdele om te verseker dat ons die volle implikasies van *sola Scriptura* verstaan:

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif

Die *sola Scriptura* van die Reformasie beteken dat net een dokument as gesagvol aanvaar word. Eintlik word die gesag van die Bybel nie erken nie, dit word raakgesien en bely. Die gesag van die Bybel lê in daardie 66 boeke, nie in 'n besluit deur 'n konsilie of 'n pous of 'n kerk nie. Dit is net hierdie versameling boeke (*BIBΛΟΣ* – boek, papyrus) wat heilig is en as van Goddelike oorsprong gesien kan word. God het wel mense gebruik om in eie taal, metafoor, idioom, taalvaardigheid en historiese gesitueerdheid te skryf, maar dit is GOD wat deur Sy Gees inspireer het en die outeur bly van dit wat ons in die Bybel lees.

die wil van God volkome bevat

God se wil word so maklik op ander plekke gesoek en ingelees. Ons wil God

se wil sien in natuurgebeurtenisse en rampe, God se wil sien in historiese gebeurtenisse, God se wil sien in ons eie ervarings en verliese. Teenoor hierdie soeke word dit duidelik dat God se wil in die Bybel opgeteken staan. Alles wat ons moet weet van God se wil, vind ons in die Bybel terug. God se wil is nie 'n instrument van troos- of singewing nie, God se wil het met die openbaring te make. In die Bybel vind ons die wet en die Evangelie. Die wet konfronteer ons met ons sondigheid en die Evangelie spreek van God se genade en ons redding, ons verlossing uit hierdie sondige toestand en die sondige toestand se gevolge.

en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo,

Die Bybel is nie die handboek van die lewe nie. Ons kan nie antwoorde soek vir elke situasie en uitdaging waarmee ons gekonfronteer word nie.

Die Bybel is oor een saak volledig in terme van die inligting wat gegee word. Alles wat ons moet weet vir ons saligheid, kan ons onverkort in die Bybel terugvind. God se wil is in hierdie sin deel van die inligting oor die saligheid. Anders gestel, God se wil en ons saligheid is keersye van dieselfde munt.

God se wil is dat ons gered moet word. Juis daarom bevat die Bybel alles wat ons nodig het vir ons saligheid. Daar is geen aspek van ons saligheid wat nie in die Bybel aangespreek word nie. Die Bybel leer ons van ons sonde en van die genade wat ons van God ontvang, en dit is alles wat nodig is.

daarin voldoende geleer word.

Daar bestaan geen nodigheid om die Bybel se gegewens met inligting uit ander bronne aan te vul nie. Die konsep 'voldoende' dui daarop dat die beker van inligting vol is en dat geen ander bron nodig is nie.

Menslike nuuskierigheid sal nooit ten volle bevredig kan word nie. Daar is baie perifere geheime in die Bybel self wat deur mense in hulle verwarring tot kernsake verhef word. Die Bybel gee voldoende inligting oor dit wat van belang is vir ons saligheid en min ander dinge.

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word,

Die mens se vanselfsprekende reaksie op die Openbaring is om God te dien en te aanbid. Dit gebeur dat mense aan die een kant self die aard van die diens wil kies, of voel dat dit wat verwag word, nie vir hulle genoegsaam voel nie. Daar is verskeie redes wat aangevoer kan word, maar die eindpunt is dieselfde; mense soek en kies ander bronne om aan hulle voor te stel of voor te skryf hoe hulle God moet dien.

Teenoor hierdie benadering het die Protestante met oortuiging bely dat *sola Scriptura* ook hier geld, dat die Bybel breedvoerig handel oor die antwoord van geloof, volledig leiding gee oor hoe God aanbid moet word. Dit impliseer dat diens aan God tydlose beginsels is wat in elke nuwe situasie toegepas kan word. Die Bybel bied die beginsels, en met die regte veronderstelling kan eietydse maniere van diens gestel word, gegrond op die beginsels in die Skrif gevind.

mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie

Geen mens en geen ander bron, hoe gesagvol dit menslik mag blyk, kan naas die Bybel gebruik word nie. Die Anabaptiste het in die 16e eeu gehoor gegee aan mense wat beweer het dat God aan hulle deur die Heilige Gees ekstra openbarings en voorskrifte gegee het.

Die NGB verwerp die blote gedagte dat mense op grond van “ekstra openbarings” aan die kerk kan voorskryf en leiding gee. Die kontras is opvallend. Van die boeke van die Bybel is deur apostels onder inspirasie van die Heilige Gees geskryf. God geld as eintlike outeur. Sou die apostels dan ander geskifte of opdragte uiter, moet dit verwerp word. Outeurskap onder leiding van die Gees is gesagvol, skrywes uitgestuur op gesag van die amp as apostel, moet getoets word aan die Skrif en daar waar daar verskille is, word die gesag van die Skrif absoluut aanvaar.

- ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Galasiërs 1:8 Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!“)

Die absolute gesag van die Bybel moet aanvaar word en daarby moet ons staan of val. Nie eens engele kan die inspirasie van die Gees ongedaan maak of iets strydig daartoe oordra nie. Voorwaar 'n ongelooflike eer, om onder leiding en inspirasie van die Gees iets te geskryf het wat as Woord van God gereken word.

En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deuteronomium 12:32 “Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie. “),

Ons kan hierby voeg Openbaring 22:18-19 “Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel

wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is”.

God sou nie sodanige verbod gestel het; indien die Bybel nie volkome is nie. Ons kan met gerustheid die Bybel lees met die sekere wete dat die Bybel alles bevat wat ons moet weet, ondersoek en oor nadink ten opsigte van God en ons verhouding met God.

blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltelmal volmaak en in alle opsigte volkome is.

Dit is duidelik dat elke kerklike lering en leerstelling, elke dogma getoets moet word aan die Skrif. Enige dogma wat byvoeg of wegneem ten opsigte van die lering wat in die Bybel gevoeg word, moet as dwaling beskou word. Die lering wat in die Bybel teruggevind word, is in alle opsigte alles wat ons nodig het vir ons geloof.

Ons mag ook geen geskifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie;

In antwoord op die uitdagings van die Roomse kerk kom die Reformatore en stel dat geen ander geskifte naas die Bybel gestel kan word nie. Daar was in die verlede groot geeste wat groot waarhede ingesien het, soos Augustinus wat tot heilige verklaar is. Augustinus se insigte is ook met vrug gebruik deur die hervormers. Augustinus se insette is insigte wat gebruik kan word om die Bybel beter te verstaan, maar dit dra nie meer gesag as die Bybel nie. Enige menslike pennevrug kan van nut wees, of dit nou 'n boek of 'n preek of 'n oordenking is. Die Bybel bly die opperste gesag, want net die Bybel is God se openbaring. Net so moet ons die Apokriewe boeke se inhoud en gesag nie oorskakel nie. Die Apokriewe het nie in hulself gesag nie, dit was instansies soos die Roomse kerk wat hulle as gesagvol aanbied.

In die tyd na die Reformasie het die boek van Mormon ontstaan as 'n nuwe evangelie van Jesus. Geskryf op goue plate het die nuwe dwaling gelei tot 'n groot beweging in die VSA. Die boek van Mormon is niks anders nie as 'n dwase en sondige menslike hersenskim wat verwerp moet word.

ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie,

Ons moet nie die Roomse klem op tradisie en konsiliebesluite onderskat nie. Tradisie is gewoonte en gewoonte is deur mense ingestel en bepaal. God is nie die outeur van tradisie nie. Menslik gesproke is sekere tradisies ouer en het hulle meer gesag gewoon omdat hulle ouer is. Die ouderdom van tradisies gaan hulle nie meer gesag gee nie. 'n Ou tradisie is nie noodwendig korrek nie, 'n ou tradisie kan bloot beteken dat mense al vir 'n lang tyd iets verkeerd doen of bedink.

Konsilies het ook hulle bydraes gelewer tot die Bybelse leer ondergrawe. So byvoorbeeld het die konsilie van Trent (1545-1563), Paulus se lering van regverdiging *sola fide* (geloof alleen) tot kettery verklaar en het Vaticanum 1 (1869) die onfeilbaarheid van die pous beklemtoon asook die maagdelike verwekking van Maria – totaal onskriftuurlike leringe. Roomse tradisie voeg by tot die Evangelie deur te stel dat Maria mede-verlosser is.

Anabaptiste leer dat mense mag beweer dat die Gees hulle inspireer het om sekere bewerings te maak (bewerings wat gelei het tot die chaos in die stad Münster). Roomse tradisie stel dat genade deur goeie werke aangevul moet word - werkgeregtigheid as dwaling wat die mens se bestaan 'n angsvolle bestaan maak.

In die 21e eeu is ons as mense redelik opgetrek met getalle. Ons hou van demokrasie, selfs al kom dit neer op tirannie van die massas. Ons hoor selfs argumente wat daarop neerkom dat God tog nie miljoene mense verlore sal laat gaan nie. Op soortgelyke trant gebeur dit dat mense oormag van getalle wil verbind met die waarheid. Dit gebeur selfs dat 'n getalle-meerderheid gebruik word om 'n dwaling in 'n kerk in te voer. Net omdat 'n meningsopname aandui dat mense oortuig is dat goeie mense hemel toe gaan en goeie dade met saligheid beloon word, beteken dit nie dat dit waar is nie.

Die Roomse lering van opeenvolging van pouse as apostoliese opeenvolging kan waar wees of nie, maar dit tas nie die outonome gesag van die Bybel aan nie. Met ander woorde, selfs indien die pouse opeenvolgende Petrusse is, het hulle nie gesag om die Bybel te weerspreek nie. Net op historiese noot, daar was meer as 30 pouse wat op verkeerde manier verkies is en daar was tye wat daar gelyktydig twee en selfs drie pouse was. Watter een is dan die een wat as opeenvolgingslyn gesien moet word? Pous Honourius I is deur sy opvolger en 'n konsilie tot ketter verklaar.

want die waarheid is bo alles.

Johannes 14:6 “Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie”. Die waarheid word nie demokraties bepaal nie. Die waarheid word onlosmaaklik aan Christus verbind.

Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10).

Hierdie mosie van wantroue in die mens is 'n ongemaaklike waarheid wat erken moet word om met sekerheid met die Skrif te kan omgaan.

Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: *'...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is'* (1 Joh. 4: 1), en: *'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...'* (2 Joh. :10).

Die praktiese implikasie daarvan dat die Bybel as God se Woord aanvaar moet word, kom uit in die benadering wat Protestante moet volg. Die valse lering moet nie net verwerp word nie,

Protestante moet sodanige persone uit hulle lewe weer. Daar was 'n tyd toe ontvangs van mense met valse lering daarop neergekom het dat jy met hulle saamstem.

Ons kan nie aan sodanige kettters 'n platvorm gee nie, geen ruimte binne ons spreekbuise verleen nie. Hulle moet nie die geleentheid gegun word om hulle dwalinge aan mede-gelowiges aan te bied nie.